

**Woensdag 22 Februarie**

**Skrifgedeelte: Handeling 6:8-15; 7:51-60**

**Fokusgedeelte: Handeling 6:10; 7:55**

**Jy is 'n Geesvervulde getuie vir die Here!**

Met die enkele uitsondering van Johannes het al die ander apostels na alle waarskynlikheid 'n marteldood gesterf. Daarby is Johannes die Doper onthoof, en heel moontlik ook Paulus. In ons Skrifgedeelte sien ons hoe die diaken Stefanus dapper vir die Here getuig het en uiteindelik net so dapper en vreesloos vir Hom gesterf het.

Dit blyk dat Christenskap in 'n gebroke wêreld aansienlik gevaarliker is as wat ons geneig is om te dink. Daarom wil ons graag weet: “Wat is die geheim agter al hierdie heilige mense se dapperheid?” “Hoe het hulle dit reggekry om in die skadu van die dood enduit aan die Here getrou te bly?”

Jy sal sien dat daar altyd klem gelê word op die feit dat hierdie mense bewustelik in toewyding aan die Heilige Gees gelewe het. Van Stefanus lees ons uitdruklik dat hy 'n Geesvervulde man was en dat die kwaadwillige lede van die “sinagoge van die vrygelate slawe” nie opgewasse was teen die wysheid wat hy van die Gees ontvang het nie. Toe hy die Joodse Raad onbevange en reguit aangespreek het, was hy so vol van die Heilige Gees dat hy die woede van die raadslede nie eens raakgesien het nie. Hy was só gedoop in die oor-vloed van die Gees dat hy tot in die hemel kon sien. Hy het “*opgekyk na die hemel en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan*”. Terwyl hy gestenig is, kon hy, steeds in die krag van die Heilige Gees, twee van Jesus se kruiswoorde herhaal.

Maak seker dat jy in die spanningsvolle tyd waarin ons leef, altyd bewus is van die nabyheid van die Heilige Gees. Fokus, terwyl jy Jesus op die onstui-mige branders tegemoet loop, nêr op Hom en nie op die storm nie. So is jy ook toegerus om – soos Stefanus – in die krisis van die laaste dae meer as 'n oor-winnaar te wees deur die lewende Christus wat deur sy Gees in jou woon!

*Sing: Skrifberyming 10-2*

*Ds. JJ (Koos) Cloete (Emeritus)*